Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees: Romeine 6

Teks: Romeine 6:6

H.K.: Sondag 16 (Kandelaar – Reeks Twaalf Artikels nr 9)

Datum: 18 Januarie 2009

Ps's: Ps.23:1,2; Geloofsbelydenis; 25:1,3; 103:2,3; 103:8,9

1. Inleiding.

Vanaf die oomblik dat Adam en Eva in die paradys oortree het, weergalm die doodsklokke in die wêreld. Deur die sondeval van ons eerste voorouers het hierdie aarde verander in 'n doodsvallei. Ons leef in die skadu van die dood. Dit ervaar ons elke dag: Mense rondom ons sterwe en hoeveel keer het ons nie al in die kerkhof, by die oop graf van 'n dierbare gestaan nie. Boonop loop elkeen van ons met die kiem van die dood in ons. Ons is pelgrims op weg na die graf.

Maar die ellende van die ***liggaamlike dood*** is nie al nie: Deur ons val in Adam is ons ook ***geestelik dood***, het ons ook in ons hart gesterf: Ons gevoel vir God en ons naaste is morsdood.

Maar selfs daarmee is nog nie alles gesê nie: Behalwe dat ons daar in die paradys die liggaamlike en geestelike dood ons op die hals gehaal het, lê ons verder onder die bedreiging van die ***ewige dood***. Dit is die hel met al sy smarte en verskrikking, die ewige dood.

En nou ons Kategismus: Nege maal word hier gepraat van dood of van sterwe. Dit gee ons 'n ideë wat in Sondag 16 in die middelpunt staan: Die dood, die dood in sy drieërlei gedaante, ***ons*** ligaamlike, ***ons*** geestelike en ***ons*** ewige dood, ***ons*** dood in al sy verskriklikheid.

Teenoor ons drieërlei dood stel die Kategismus nou, tot ons ewige heil en troos, ***die dood van Christus***.

Ons let daarom op:

1. Ons liggaamlike dood en Christus se dood;

2. Ons geestelike dood en Christus se dood; en

3. Ons ewige dood en Christus se dood.

2.1. Ons liggaamlike dood en Christus se dood.

Waarom was dit **noodsaaklik** dat Christus Hom **tot in die dood** toe moes verneder? Met die vraag val die belydenis met die deur in die huis: Waarom was dit nou eintlik nodig dat die Seun van God ***moes*** sterwe? Waarom kon Hy nie op 'n ander manier vir die sonde betaal het nie?

Daarop lui die antwoord: Die **geregtigheid** en **waarheid** van God **eis** dit. Geregtigheid en waarheid, ja, dit is nie sulke maklike woorde nie. Ek sal dit aan u verduidelik: Met die **geregtigheid** van God word bedoel sy verbondstrou; die HERE bly getrou aan wat Hy gesê het in sy verbond. Dan is daar nog die **waarheid** van God. Die woordjie het alles te make met sy verbond en sy verbondswoorde: Dit sê dat God 'n waarmaker is van sy woord; Hy bewaarheid wat Hy sê; Hy laat geen een van sy verbondswoorde onvervuld nie.

Só beskrywe die leermeester van Heidelberg God dus: as *absoluut trou aan elke woord* wat Hy gespreek het en as Een wat sy woorde, sy woorde van strafdreiging sowel as sy heerlike beloftewoorde, waar maak. Hy is 'n God van geregtigheid en waarheid.

Die HERE bly by sy woord. Nou ja, in sy verbond het God vir Adam gesê: Die dag as jy eet van die boom van kennis van goed en kwaad, sal jy sekerlik sterwe (Gen 2:17). En u ken die verhaal: Adam het geëet van die verbode vrug. God se verbondstrou beteken nou dat Hy nie afsien van die straf waarmee Hy in die paradys gedreig het nie. Hy gaan daardie oordeelswoord bewaarheid.

Ons **MOET** dus sterwe. Dis die vonnis wat ons verdien. Hoe kan ons daarby verby kom? Op geen manier nie. God sien nie af van die straf nie. Maar dit beteken dan dat Christus ons op geen ander manier kon red as deur te sterf nie. God se geregtigheid en waarheid eis dit dat net so vir die sonde betaal kon word.

En dit is die wonder: Jesus **HET** gesterf. En, sê die Kategismus, sy begrafnis is die bewys daarvan. Sy graf is die teken, die waarborg, dat Hy inderdaad die dood ingegaan het.

En hoe waar hierdie argument van die Heidelbergse Kategismus is, blyk as ons dink ***waarom Pilatus verlof tot sy begrafnis gegee het***: Pilatus het naamlik eers by die offisier van die wag uitgevind of die liggaam werklik dood was. En toe het hy sekerlik van die soldate gehoor hoe hulle seker gemaak het of Jesus inderdaad dood was, hoe hulle die spies in sy sy gesteek het en gesien het dat daar bloed en water uitkom. Die Romeine het uit ervaring geweet dat 'n liggaam in so 'n geval dood was. Op grond van hierdie mededeling het Pilatus die liggaam aan Josef van Arimathea gegee om begrawe te word en lê in die begrafnis die bewys van Jesus se dood.

Jesus het dus inderdaad gesterf <u>én</u> Hy het gesterf ***in ons plek***. Hy het die liggaamlike dood wat ons moes sterf, plaasvervangend, in ons plek, gesterf. Daarmee het Hy ons straf gedra en die dood waarmee die HERE ons gedreig het, het op Hom neergekom.

Maar dit plaas ons voor 'n probleem: As Jesus ons straf gedra het en die dood wat ons verdien het, gesterf het, ***waarom moet ons ook nog sterf?*** Waarom is daar dan nog soveel oop grafte en hoekom sterf daar nog soveel gelowiges? Straf die HERE sodoende nie die sonde twee maal nie?

Daarop wil ons belydenis ons antwoord gee in V/A 42: ***Ons dood*** is <u>nie 'n betaling</u> vir ons sonde nie, maar <u>slegs 'n deurgang</u> tot die ewige lewe. Die dood is nie meer 'n poort na die doderyk nie, maar na die paradys. Ons dood is dus nie meer 'n straf op ons sonde nie, maar daardeur word die deur van die Vaderhuis vir ons geopen en gaan ons in in die vreugde van ons Here.

Ons gaan nie deur die doodsjordaan om daarin te bly lê nie, maar ons gaan deur die doodsjordaan heen die ewige Kanaän binne. Met ons dood gebeur met ons wat met Lasarus gebeur het: Die engele dra ons in die hemelse heerlikheid in.

Die dag wanneer ons sterwe, sê Paulus, is ons met Christus! Dit is die uitsig wat ons het: Na die dood is ons by ons dierbare Heiland, ons geliefde Bruidegom. En, sê die apostel, hy verlang daarna. Hy sien uit na daardie oomblik, want dit is verreweg die beste.

Ons let op die tweede:

<u>2.2. ons geestelike dood en Christus se dood.</u>

Daar ***in Eden*** het ***nie alleen ons liggaam aan die dood onderworpe geraak*** nie. Ons het ook geestelik gesterf. Alle gevoel vir God en ons naaste was dood. ***In ons harte was daar geen liefde meer*** vir die HERE nie en geen liefde vir ons medemens nie. Ons was ***dood in die misdade en die sonde***. Dit is die geestelike dood.

Die sonde het nou heerskappy gevoer in ons bestaan. Die ongeregtigheid het sy troon opgerig in ons hart. Waar daar eers liefde gewoon het, het haat en vyandskap oorgeneem en regeer dit in ons innerlike. Dit dui die Bybel ook aan met die woord "dood": Ons was dood in die misdade en die sonde.

Self kan ons nie uit daardie dood opstaan nie. Die sonde is veels en veels te sterk vir ons. Maar ook hierop bied die Kategismus 'n antwoord: ***Christus is die oplossing***. Sy dood verlos ons van die heerskappy van die bose. **Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe**.

Die **ou mens** waarvan hier sprake is, dit is ***ons ou natuur***. Dit is hoe ons deur die sondeval geword het: vyande van God en haters van ons naaste. Daardie monster, genaamd ou mens, word, deur die krag van Christus, saam met Christus gekruisig, gedood en begrawe.

Die Heidelberger sluit aan by dit wat Paulus in ***Romeine 6:6*** sê: ***Ons ou mens is saam met Christus gekruisig***. Daar aan die kruis is die krag van ons ou mens gebreek. Christus het die mag van die sonde oorwin. En dan laat Paulus die vrug van Christus se kruisoorwinning sien: “sodat ons nie meer die sonde sou dien nie”.

Wanneer ons aan die kruisiging, die dood en die begrafnis van Christus dink, as ons dit gelowig oorweeg, moet dit daarom ook iets in ons lewe uitwerk. Wanneer u werklik, deur die geloof, aan Christus verbind is, ook aan sy sterwe, dan kan en mag die sonde nie meer in u lewe heers nie. Dan mag die ou mens nie meer die septer swaai nie. Dit kan nie, want immers: Die ou mens hang aan die kruis, dit is saam met Christus die graf in. Dit het gesterf. Dit is verslaan.

Die heerlike vrug van Jesus se dood, van sy triomf oor ons ou mens, is dat ons ons as 'n dankoffer aan Christus toewy. Verlos van die geestelike dood begin ons lewe vir God en ons naaste. En die geheim en die oorsaak bly steeds: die kruis.

Wanneer ons wil sien of iemand nog leef, voel ons sy pols, luister ons na sy hartklop en hoor ons of hy nog asemhaal. Dit is alles tekens van lewe. Geestelik moet daar ook tekens van lewe wees en daardie tekens is enersyds stryd teen die sonde en aan die anderkant liefde vir God en liefde vir ons naaste. Ons sal onsself moet diagnoseer, want wie nie geestelik lewe nie, sal ook nie in ewigheid met God lewe nie. Dit bring ons by die laaste saak:

2.3. ons ewige dood en Christus se dood.

By die doodsvonnis wat in Genesis 3 oor die mens uitgespreek is, is nie alleen ingesluit die liggaamlike en die geestelike dood nie. Die mensdom het die ***die ewige dood*** oor hom gebring. Dit is die hel.

Hierdie ewige dood ***hou in***: om afgesny te wees van God, om sy liefde te moet ontbeer, om sy toorn te ervaar.

En dié hel begin reeds hier op aarde. Dit leer Johannes 3:36 ons:"Hy wat in die Seun glo, ***het*** die ewige lewe(nou reeds); maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God ***bly*** op hom". Die toorn van God wyk nie van die ongelowiges nie, maar bly voortdurend by hulle tot die dag van hulle sterwe. Dit is hel op aarde! Ons kan sê: Hulle kry nou al 'n voorsmaak van die helse smarte, maar eenmaal sal hulle die grimmigheid van die Here in sy volle verskrikking ervaar.

Dit is ***iets wat ons almal verdien het***. Immers, die loon op die sonde is die dood, insluitend die ewige dood. En wie van ons durf sê dat hy of sy nooit sondig nie!

Ook vir ons is daar net een weg tot ontkoming: die dood van Christus. Want aan die kruis het Hy die ewige dood gesterf, die volle toorn gedra. Dit het Hy gedoen in die plek van en vir elkeen wat in Hom glo.

Sy dood het vir ons die allerheerlikste vrugte gedra. Want, sê die Heidelberger, Hy het dit gely **sodat** ek (as vrug daarvan) in my swaarste aanvegtinge verseker kan weet dat Hy my van die helse angs en pyn verlos het.

Dit is besonder troosryk soos die Kategismus dit stel. Hy praat hier van **die swaarste aanvegtinge** wat ons mag ondervind. Ja, sulke oomblike kom daar gewis in die lewe van

elke kind van God, tye waarin ons vra: Maar waar is die Here nou? Het Hy ons nie vergeet en verlaat nie? O, en die Satan weet so goed hoe om beproewinge in ons lewe tot sy voordeel te gebruik, om in sulke momente vir ons te sê: Ja, die Here het jou losgelaat! Waar is nou dié wonderlike Vader van jou?

Maar nou sê die Kategismus: In sulke oomblikke, slaan dan u oë op na die kruis. Want Christus was van God verlate, sodat ons mag weet, nee **verseker** mag wees, dat ons nimmermeer deur Hom verlaat sal word nie.

Die kruis is die waarborg, die rotsvaste versekering, dat die Vader altyd by ons sal bly. Die kruis is die anker in ons lewe. Want daar het Jesus ons dood gesterf en ons straf klaar gedra. Hy het in ons plek gely, sodat ons nie hoef neer te daal in die hel nie.

3. Slot.

Christus het gesterf, sodat ons mag lewe: liggaamlik, geestelik en ewiglik.

AMEN.